

**3 September**

**Skrifgedeelte: Spreuke 23:17-28 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Spreuke 23:17 en 18**

**Waarlik, daar is 'n toekoms!**

Ons het almal soms die behoefte om te hoor: “Alles sal reg wees”; “Dinge sal reg uitwerk.” So baie dinge loop so maklik verkeerd. Nou kom ons fokusgedeelte met so 'n kragtige uitspraak: “Waarlik, daar is 'n toekoms”.

Wat 'n geweldige troos! Ons vertrou is nie tevergeefs nie, ons hoop sal nie van ons weggeneem word nie. Ongeag baie dinge wat ek vandag beleef, daar sal 'n môre wees. Daar is 'n toekoms! 'n Mens kan so maklik sug oor die voorspoed van die goddelose (soos Asaf in Psalm 73). 'n Mens kan so maklik voel dat die slegte oorwin en die sondaar met sy sonde oorheers.

Ons hoef nie op hulle jaloers te wees nie. Ons kan voor die Here leef. In Hom is daar 'n toekoms. Alles sal reg uitwerk, daar sal 'n goeie einde wees. 'n Toekoms wat Hy vas bepaal het in sy verbond, in sy uitverkiesende genade, in sy verlossingswerk aan die kruis, in sy opstanding en natuurlik dan in die verwagte wederkoms. Dit staan vas.

Daarom, daar is 'n toekoms. Al lyk dit soms nie so nie, al voel dit soms nie so nie. Nou, onder die leiding van die Heilige Gees, kan ons dan op die reguit pad loop (vs 19); ons kan die verkeerde mense vermy (vs 20, 21); ons kan luister na die opvoeding van ouers (vs 22, 24, 25); ons kan op die pad van waarheid bly en wysheid uitkoop (vs 23); ons kan alle onkuisheid vermy (vs 27, 28).

Daarom kan ons opreg voor die Here leef en van God hoor: Daar is 'n toekoms! Wees vandag gerus, ongeag jou omstandighede, want daar is 'n toekoms. Waarlik, dit staan vas.

*Sing: Psalm 118:1 (1936-beryming)*

*Ds JG Noëth (Naboomspruit)*